Publication: RAPPORT, Weekliks
Date: 2015-06-14
Page: 10

Hannes
Kruger



**Slegs studente**

# Kan die jeug asseblief opstaan...

Jeugdag 2015, wat Dinsdag gevier word, behoort jong mense te herinner hoe slapgat hulle is.

Op hierdie dag in 1976 het die bloed gevloei vir geregtigheid. Baie jong mense het hul lewe opgeoffer - onder meer vir moedertaalonderrig. Vandag word dié dag steeds gevier. En vir wat nogal?

Jeugdagvieringe bestaan meestal uit byeenkomste wat deur die Nasionale Jeugagentskap (Nyda) georganiseer word waar propagandatoesprake gelewer en gevreet word. Boonop word die toesprake meestal deur ministers, premiers en burgemeesters gelewer - mense wat lankal nie meer jonk is nie.

Die meeste jong mense wat veronderstel is om die dag te vier, speel Xbox, braai of suip êrens by kuierplekke. Dalk moet hulle eerder die leeglêery laat links lê en die feesvieringe gaan bywoon om te hoor watter snert die politici kwytraak.

Op Jeugdag wil die meeste politici ons laat glo Suid-Afrika het soveel gevorder sedert 16 Junie 1976 dat die jeug nou vrye en gelyke toegang tot alles in die land het. Jong mense behoort in hul massas op te ruk en vir politici te sê: "*Shut up*! Ons ore is nie asblikke nie. Julle lieg!"

Die vraag is egter of hulle dit sal doen. Is dit maar nie net makliker en lekkerder om by die huis te bly en ontspan op die heerlike vakansiedag nie?

Dis tyd dat hulle die Xbox afskakel en bewus raak van hoe die regering onder die dekmantel van "demokrasie" dinge doen wat hulle negatief beïnvloed - sonder dat hulle dit eens agterkom.

Die staatsleningskema (NSFAS) het die afgelope 18 maande nie genoeg geld beskikbaar gestel om die duisende studente wat daarvan afhanklik is, te ondersteun nie. Die onderwysdepartement het die afgelope paar jaar nie handboeke aan skole in Limpopo verskaf nie, wat duisende leerlinge gehalteonderrig ontneem het.

Volgens Statistieke SA het die werkloosheidsyfer onder jong mense drasties gestyg van 32,7% in 2008 tot 36,1% in 2014.

Hoekom word probleme soos hierdie nie op Jeugdag aangeroer nie? Hoekom gee die regering nie vir jong mense die geleentheid om op Jeugdag hul bekommernisse en probleme in die openbaar te deel nie? Daar word eerder duisende rande aan skape, beeste, groot verhoë, markiestente en vermaak bestee om politici die geleentheid te gee om Suid-Afrikaners verder te breinspoel met gerusstellende woorde. Daardie geld kan veel eerder gebruik word om die jeug op te hef.

Die onus is op ons, die jong mense van Suid-Afrika, om hierdie en ander relevante kwessies wat die regering probeer verdoesel, aan die kaak te stel.

Ons kan ná die tyd gaan braai en drink - wanneer ons klaar in opstand gekom het teen die regering. Ons moet ons stemme laat hoor en nie toelaat dat enigeen ons toekoms vernietig nie.

Ons is weer waar ons in 1976 was - behalwe dat ons dit nie raaksien nie.

■ **Hannes Kruger (22) studeer joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch.**

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*